

# Internetbedrog kan jou baie kos

Internetbedrog is ongelukkig omvangryk en 'n winsgewende misdaad. Maak seker jou besigheid is voldoende daarteen beskerm – die beste verdediging is om dit te voorkom.

Die koste wat met bedrog in die graan- en oliesadewaardeketting gepaard gaan, is nie net die direkte geldelike verliese van miljoene rande nie. Dit ontwrig ook almal wat betrokke raak om die misdaad te probeer aanpak omdat dit tyd kos wat eerder aan bedryfsake gegee kon word. Ondernemings is ook nie altyd kundig om misdaad aan te pak nadat dit plaasgevind het nie.

Bedrog moet altyd by die polisie aangemeld word en 'n saaknommer moet verkry word voordat finansiële instellings soos banke en versekeringsmaatskappye kan optree.

Die omvang van internetbedrog is omvangryk en 'n daaglikse werklikheid. As jy nie waaksaam is en jou stelsels gereed het nie, is dit is net 'n kwessie van tyd voordat jou onderneming daaronder gaan deurloop.

Inligting oor misdaadbekamping word nie geredelik gedeel nie, want dit kan die misdadiger wenke gee om maatreëls teen bedrog te omseil. Soms dwing 'n vlaag van misdaad mense om mekaar weer bewus te maak van die werklikheid van bedrog sodat ondernemings wat met mekaar besigheid doen, nie daardeur ontwrig word nie.

Dit is tot niemand se voordeel as iemand anders in die waardeketting ingeloop word nie.

Internetbedrog is ongelukkig 'n winsgewende misdaad. Die manier waarop jy as slagoffer geïdentifiseer word, het uiters gesofistikeerd geraak.

Bedrieërs is oortuigend en skep dokumente met vervalste handtekeninge wat oorspronklik voorkom. Hulle het soms beter stelsels as die slagoffer.

Baie besighede maak staat op ou prosesse en het nog nie by die nuwe bedreiging aangepas nie. In baie gevalle het die ondernemings ouer personeel met ervaring in besigheidsaktiwiteite, maar nie in die nuwe bedrogvoorkomingsmaatreëls nie.

As dit die geval is in jou besigheid, sal dit wys wees om jou personeel in te lig en op te lei oor die jongste bedrogvoorkomingsmaatreëls.

Die beste bron vir inligting is om met jou finansiële instelling te skakel vir 'n verwysing en/of dokumentasie oor hoe om voorkomend op te tree.

## GEE AANDAG HIERAAN

Integreer verkieslik jou betalingstelsel vir huidige verskaffers, krediteure en derde partye met wie transaksies aangegaan word met 'n rekeningverifikasiestelsel. 'n Rekeningverifikasiestelsel wat onder meer deur groot banke gebruik word, toets of die naam van die begunstigde wat betaal word, en die rekeningnommer ooreenstem.

Besighede wat nie hierdie funksionaliteit het nie, moet oorweeg om dit toe te pas. Die stelsel is deel van banke se elektroniese bankstelsels. Dit is noodsaaklik dat elke nuwe begunstigde wat deur 'n besigheid betaal word, hetsy eenmalig of nie, teen 'n rekeningverifikasiestelsel gekontroleer word.

Let daarop dat enige verandering van bankbesonderhede dadelik en direk met jou krediteure en verskaffers bevestig moet word. Dit is belangrik dat dit nie per e-pos gedoen moet word nie, want kommunikasie met e-pos is onveilig.

Bel die senior rekenmeester van die krediteur en gebruik die telefoonnommer wat op die krediteur se webwerf verskyn.

Die aanbeveling is dat individue die nommer op die Telkom White Pages nagaan en dit gebruik. As 'n besigheid se stelsel reeds 'n kontaknommer vir die krediteur en /of verskaffer het wat in die verlede gebruik is en wat vertrou kan word, kan daardie nommer gebruik word.

Moet onder geen omstandighede die kontaktelefoonnommer op die faktuur gebruik nie. Bedrieërs verander daardie nommer sodat navrae oor die betaling en transaksie by hulle uitkom. Bedrieërs kan 'n baie goeie wanvoorstelling voorhou en jou oortuig dat die transaksie in orde is en dat jy of jou personeel met die betrokke maatskappy se personeel praat, terwyl dit nie die geval is nie.

Gaan PDF-fakture na vir eienskappe in die PDF-leserprogram. Indien daar enige aanduidings is dat die faktuur in Microsoft Word of Excel opgestel en gedruk is, hanteer die PDF met agterdog.

Bedrieërs neem egte fakture, maak dit in Word oop, wysig die besonderhede en bêre die PDF weer om uitgestuur te word.

Google die toepassing wat as die PDF-skepper aangegee word. Maak seker dat die faktuur nie aanlyn geskep is nie. As fakture aanlyn geskep kan word deur 'n PDF-skepper, moet jy dit met omsigtigheid hanteer en seker maak jou besigheid word nie aan bedrog blootgestel nie.

Suid-Afrika se strafregstelsel is ongelukkig nie in staat om internetbedrog op 'n vinnige en doeltreffende te takel nie.

Teen die tyd dat die polisie of Valke die inligting het, is dit haas onmoontlik om die geld op te spoor.

## SLOTSOM

Die beste verdediging teen internetbedrog is om dit te voorkom. Die noodsaaklikheid van 'n rekeningverifikasiestelsel kan nie genoeg beklemtoon word nie. 'n Rekeningverifikasiestelsel moet deel wees van 'n besigheid se vasgestelde prosesse.

Indien negatiewe terugvoer via 'n rekeningversifikasieselsel verkry word, moet dit dadelik ondersoek word. Kontak die verskaffer of krediteur telefonies. Heg die terugvoer en uitdruk van die rekeningverifikasiestelsel aan as bewys daarvan dat die nuwe verskaffer se besonderhede gekontroleer is voor sy kontakbesonderhede in jou stelsel vasgelê is. Ook voordat 'n eenmalige betaling van 'n begunstigde gemaak word.

Sonder die regte stelsels stel jy jou besigheid onnodig aan internetbedrog bloot. Dit hou nie net finansiële implikasies vir jou in nie, maar dit neem ook onnodig tyd in beslag. **LBW**

BRON: Finansiële instellings